2025
23-30 Nov

# Eldo Nuusbrief
Hiér maak JY saak

ELDORAIGNE FAMILIEKERK
Hiér maak JY saak

## Gedagte vir die week



God seën ons met wonderlike mense in ons lewe. Ouers, eggenote, kinder, kleinkinders, kollegas, vriende, mentors - mense met wiy ons 'n diep en egte band kan vorm. Mense wie ons ondersteun en daar vir ons is in tye van nood. Mense wie dalk selfs nader voel as bloedfamilie. Gebruik die week om bietjie te dink wie hierdie mense in jou lewe is en sê vir hulle bietjie hoe baie jy hulle waardeer. Sê vir hulle dankie vir wat hulle vir jou beteken.

Spreuke 17:17 - 'n Vriend betoon te alle tye liefde, en 'n broer is gebore vir tye van nood

## Gebed vir die week

**Bid vir krag in geestelike volharding**

Bid vir oorkoming van 'n kultuur van geweld en onregverdigheid.

*Vader God, help ons om in hierdie tye waar ons moreel verrot is, terug na U te draai. as 'n volk - en U en U wil weer ons fokus maak.*



## Wat gebeur alles die maand?

### Eredienste:

**Sondag, 23 November**
09:00 Erediens
**18:00 Diens@6 Kerssangdiens. Almal is welkom!**

**Sondag, 30 November - 1ste Advent Sondag**
09:00 Erediens
18:00 Diens@6 Piekniekdiens en afsluiting

**Sondag, 7 Desember - 2de Advent Sondag**
09:00 Erediens
Belydeniskamp

**Sondag, 14 Desember - 3de Advent Sondag**
09:00 Erediens

**Sondag, 21 Desember - 4de Advent Sondag**
09:00 Erediens

Kyk die eredienste 'live' op YouTube!

**Soek jy 'n opsomming van laasweek se preek?**

Kliek hier!

**vir die Gespreksgids!**

Ons is tans besig om die 2026 kalender gereed te kry. Stuur asb datums wat jy wil plaas voor 21/11/2025

# Kantoor Kaskenades

**AMBULANS:**
**'n Kombie met diskoligte....**

## Eldo-Chomps




Gaan besoek ons Facebook-blad vir meer inligting!

## Diens@6







## Ander






## Gemeentebraai

Kom geniet 'n heerlike saamkuier
Sondag 30 November.




## Terugvoer vir die week

**KERSSPEL 2025**



**Die gemeente het Sondag 16 November 'n pragtige Kersspel, onder leiding van André Opperman, geniet. Dankie aan almal wat deelgeneem het**
**Dit was baie spesiaal.**







**Is jy deel van 'n Omgeegroep?** *Sluit aan!* **en word vandag nog deel!**

# Miernesmark Terugvoer




Ds Christiaan en Ds Fanie doen die trekking van die wenners van die lam. Gaan kyk gerus op ons facebook blad na die video.



**WENNERS VAN DIE MIERNES LAM:**

**1ste Mandy De Lange**

**2de Johanitha Greyling**

**Baie geluk!**

Vir almal se hulp en betrokkenheid sê ons **Dankie!** Hiér maak JY saak!

## Prisma

# KOSKARTON PROJEK 2025

**"Vul 'n Magie"**

**"Ons koskarton projek se bokse is nou beskikbaar en daar sal bokse by Sondag se erediens beskikbaar wees met 'n lys van die produkte waarmee dit gevul moet word.**

**Hierdie bokse word aan gesinne wat deur Overcomers ondersteun word, gegee.**
**Dis meestal gesinne en kinders in skole van ons omgewing.**

**Ons mikpunt is om teen einde November 100 gevulde bokse te hê wat ons aan die gesinne kan oorhandig.**

**Kontak gerus vir Dottie Kotze by 084 840 2372 of Jaco Dorfling by 0826994383 vir meer inligting.**




Ons wil graag die geskenkies teen 3 Desember gereed hê.
Baie dankie.

# Verjaarsdae vir die week

**Baie geluk aan:**

Jaco Lindeque 25/11
Nicksie Schoeman 25/11
Annemarie Dempers 26/11
Pieter du Preez 26/11
Alet Fourie 26/11
Charl van Heerden 27/11
Nico Enslin 28/11
Jacques j/v Vuuren 28/11
Werner v/d Walt 28/11
Hanli Pitout 30/11

**Ons sisteem het 'n sagteware probleem. As jou verjaarsdag of datum dus nie korrek is nie, skakel asseblief die kantoor by bedien@eldofam.co.za en ons stel dit dadelik reg.**

Mag jy 'n lekker dag hê en 'n geseënde jaar vol vreugde en geluk!



# Lief & Leed

Indien jy weet van enige lief of leed in die gemeente, kontak asseblief die gemeentekantoor by 068 031 8844

**Het jy enige nood?** Laat weet ons **vir 'n gebedsversoek!**



# Nuwe Intrekkers

Weet jy van iemand wat nuut is? Verwys hulle asseblief na ons gemeentekantoor sodat ons hulle inligting op ons databasis kan plaas vir gereelde kommunikasie.

Ons verwelkom Joseph en Almari Anker en gesin en Marius Maritz.

Welkom!

Wil jy meer inskakel?

# Raak Betrokke!

by ons Familie!

## Nuus van die Gemeenteraad (GR)

### Ontmoet die GR




**Naam: Thea Hamman**
**Portefeulje: Diens@6 koördineerder en Miernes Kersmark organiseerder**

Ek dien as koördineerder van die Diens@6 en as organiseerder van die Miernesmark. My hart klop vir mense, en ek is op my gelukkigste wanneer ek sien hoe ander ingesluit, raakgesien en geliefd voel. Dit bly vir my 'n kosbare roeping om ruimtes te help skep waar mense kan ervaar dat hulle wérklik tuis is.

Ek vind my diepste rus in die natuur. Die bos is my stil plek – veral in die Wildtuin – waar my siel tot rus kom en ek God se teenwoordigheid opnuut ervaar. Ek is lief vir stap, vir voëls kyk en vir fotografie, want dit laat my die wêreld deur 'n lens van verwondering sien en klein momente van genade vasvang. Nog 'n groot vreugde in my lewe is my "arts-and-crafts" tafel. Daar verloor ek myself in kreatiwiteit: om kaartjies te maak, unieke goedjies te ontwerp en net weer rustig te word terwyl my hande werk en my hart stil word.

My familie is my anker, en ek probeer doelbewus om hulle eerste te kies wanneer die lewe se besige ritme begin druk. My vier kleinkinders is 'n bron van trots, sagtheid en vreugde – ek is 'n ouma met 'n oorvol hart.

**My droom vir ons gemeente:**
**Dat elke lidmaat die liefde van Jesus sal sien, ervaar en uitleef. Dat ons waarlik die Liggaam van Christus sal wees – elkeen uniek, elkeen nodig. Of jy nou die pinkie of die toontjie is, sonder jou ontbreek daar iets belangriks.**
**"Ek leef van genade, stap deur genade, en hoop dat elke mens wat my pad kruis, iets van daardie genade sal raaklees."**




[www.eldofam.co.za](http://www.eldofam.co.za)

Gaan besoek ons webtuiste vir meer inligting oor alles wat by die kerk gebeur!

# Kontak ons

**Eldoraigne Familiekerk Bankbesonderhede**

**Bank**: ABSA
**Tak**: Mall@Reds
**Tjekrek**: 3260140042
**Takkode**: 632005
**Verwysing**: Jou van en bv. "Dankoffer" of "Kollekte"

SnapScan

Is jy bewus van ons WhatsApp Broadcast groep? As jy of iemand wie jy ken nie op die Eldo-Broadcast groep is nie, laat weet die Kerkkantoor asb! Dit is ons hoof kommunikasie middel

ELDORAIGNE FAMILIEKERK
Hiér maak JY saak

**Gaan "Like" ons op Facebook!**

**Gemeentekantoor ure:**
Maandag - Vrydag: 08:30 - 12:30

**NOMMERS**
Tel: 068 031 8844

**AANLYN**
bedien@eldofam.co.za
www.eldofam.co.za


**ADRES**
Henriweg 1045,
Eldoraigne, 0157

**Of stuur ons 'n epos na:**
bedien@eldofam.co.za

## Wil jy graag meer kontak met die leraars hê?



**Christiaan Ackermann**
Epos: christiaan@eldofam.co.za
Sel: 066 296 1650



**Fanie Fourie**
Epos: fouriefanie01@gmail.com
Sel: 074 933 2000

Kontak ons

**vir huisbesoek, 'n telefoon oproep of net gesprek!**

# Advertensies

## <u>Ondersteun asseblief ons adverteerders</u>

Ondersteun asb vir Heavenly Coffees Centurion - ons Gemeente se KOFFIEBORG deur die jaar.
Baie dankie!!
Shop our Tango in the Twilight medium roast ☕. Get 1Kg for only R329 and enjoy endless cups of Heavenly Coffees every day.
📍 Shop online, or in store at the Corner Hendrik Verwoerd &, Jakaranda St, Hennopspark, Centurion









**2025 Geloftefees in Centurion**

Plek : Gereformeerde Kerk Centurion, Basdenlaan 224, Lyttelton

Datum : 16 Desember 2025

Aanvangstyd : 09h00

Geloftediens : Ds. Elmien Shaw van die Hervormde Kerk, Swartkop

Feesrede : Dr. Hennie Botes, "Die wonder van die Gelofte"

Kontakpersone : Charl van den Bergh - 072 698 7956

Paul Retief - 082 562 9845

Die verrigtinge sal ook gestroom word op stroom.gkcenturion.co.za

